
Tippie
Buks
Trish
Frikkie
Robin
vriende
maats

# 1
# Tippie se wens





Tippie kyk op. Pienk melk loop van sy gesig af. Voor hom op die tafel staan ’n glas met melkskommel. Aan die kant is ’n strooitjie.

Tippie se maats Frikkie, Trish, Robin en Buks staar na hom.



# "SO!"

Tippie blaas weer in sy strooitjie.
Nog melkskommel spat oor sy gesig.
Van die druppels tref sy maats.






Trish trek haar gesig. Buks lek die melkskommel af.

Net toe kom Tippie se ma met 'n GROOT verjaarsdagkoek aan. 'n Kersie brand bo-op. Tippie glimlag van oor tot oor.






"Omdat jy verjaar!" sing Tippie se maats saam. Hulle blaas fluitjies. En gooi linte.



Tippie geniet dit vreeslik. Sy ma sit die koek voor hom neer. Tippie maak gereed om die kersie dood te blaas. Hy haal DIEP asem. Sy wange staan sommer so bol.



Tippie BLAAS net so hard soos netnou.
Hy blaas die koek dat dit oor die tafel skuif.
En bollemakiesie slaan. Dit tol in die lug.

**PLOP!** land dit terug op die tafel. Stukke koek spat. Dit tref Tippie se maats.

Trish skud haar kop. 'n Stuk koek rol tot op haar neus.

